

Hoofstuk van die dag: Jeremia 50

> *Dan, in daardie tyd, sê die Here, sal daar navraag gedoen word na die sonde van Israel, na die oortredings van Juda, maar daar sal niks wees nie, niks gevind word nie, want Ek sal die sonde van dié wat Ek laat oorbly, vergewe. (Jer 50:20)*

Jeremia kondig die einde van die Babiloniese Ryk aan toe Nebukadnesar op die toppunt van sy mag was. Die Galdeërs was vermakerig teenoor die volkere wat deur hulle onderwerp is (vers 11). Hulle het hulle eie bloeddorstigheid ontken en gesê dit was Juda se eie skuld (vers 7).
Babel was wel ’n instrument in God se hande om sy volk te tugtig, maar dit beteken nie dat die manier waarop hulle te werk gegaan het, God se goedkeuring weggedra het nie. In die proses het hulle God se eer aangetas. So het Babel later in die Bybel die simbool van opstand teen God geword (vgl Op 14:8).
Die val van Babel gaan ook ’n hartsverandering by Israel en Juda bring. Hulle sal weer na die wil van die Here vra (vers 4-5) en hulle verbond met God hernuwe. In God se oë sal dit wees asof daar nooit sonde was nie, want Hy sal dit vergewe (vers 20).
By God is daar altyd hoop!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026